

Donderdag 11 Oktober

Skrif- en Fokusgedeelte:

Efesiërs 2:19-22

Die skoonheid van die kerk as huisgesin en tempel

Wat is die resultaat daarvan dat Christus ons met God versoen en vrede onder mekaar gebring het? Die heidene was vreemdelinge sonder die voorregte van beskerming en gesprek met God. Nou het hulle saam met die gelowiges uit die Joodse volk medeburgers van die Koninkryk van God geword. Met die Koninkryk word nie 'n grondgebied bedoel nie, maar die regering van die Koning, Jesus Christus. Ons kry nou voorregte en verantwoordelelikhede as burgers. Ons word beskerm en gelei deur die Koning van die konings.

Ons was ook voorheen bywoners wat beskou is as tweederangse burgers wat net maar verlang het om iets van God se seëninge te ontvang. Nou is ons lede van God se huis-gesin, saam kinders in die huisgesin van God. Die kerk van Christus is een huisgesin wat oor volksgrense heen die liefde van een Vader, een Verlosser en Trooster en die liefde van medegelowiges beleef.

Israel het beleef dat die tempel God se huis is waar Hy gewoon het. Nou woon God in die gelowiges saam, en elke gelowige is ook die tempel van God. Die fondament van die nuwe tempel is die apostels en die profete, en hulle boodskap is deur die Heilige Gees geïnspireer en kom met gesag. Hulle prediking is die fondament waarop die kerk baie sterk staan. Christus is die hoeksteen en die gelowiges is die stene.

Hierdie tempel is nie 'n dooie struktuur nie, maar 'n lewende liggaam wat groei. Hierdie tempel is 'n geestelike huis waarin God woon.

Sing: Psalm 89:1, 6 (1936)

Prof. BJ (Ben) de Klerk (Emeritus)